



**ALFA 2016 was die eerste poging om 'n volwaardige lewendehawe-gefokusde handelsekspo in Suid-Afrika aan te bied. Uiteraard was die eerste aanbieding 'n eksperiment en het ons verskillende konsepte met verskillende vlakke van sukses probeer. Die lesse wat geleer is, sal geïntegreer word om van 2017 se ekspo 'n groot sukses te maak.**

#### 'n Paar van die lesse is:

- 'n Drie-dag-aanbieding eerder as vyf dae, wat beteken uitstallings kan die Vrydag reeds opgepak word.
- Bemaking van die geleentheid sal baie vroeër begin en aggressief benader word.
- 'n Minder uitgebreide program met korter sessies, minder botsings en groter fokus.
- 'n Mini-arena en "seepkis" vir gefokusde demonstrasies, gesprekke en werkwinkels by elke mini-ekspo.
- Opgegradeerde verblyf in die stalle (met elektrisiteit) en kampeerplekke op die perseel.
- Geen vermaaklikheidsprogram, behalwe tydens dinees.
- Nuwe fokus en aanbod in terme van veilings.
- Groter fokus op internasionale bywoning.

#### ALFA 2017

ALFA word van 12 tot 14 September by die Afridome in Parys aangebied. Die program is soos volg:

- Sondag 10 September: Die terrein word voorberei en gefinaliseer.
- Maandag 11 September van 08:00 tot 18:00: Uitstallings kan hul stalletjies voorberei.
- Dinsdag 12 September om 09:00: Hekke open vir besoekers.
- Woensdag 13 September van 08:00 tot 18:00: Hekke is oop vir besoekers.
- Donderdag 14 September om 18:00: Hekke sluit vir besoekers.
- Vrydag 15 September van 08:00 tot 16:00: Uitstallings kan opgepak word.

#### 1. Aanbieding

Die professionaliteit van die aanbieding is opgegradeer en strukture is aangepas om 'n meer professionele geleentheid te skep met 'n beter terreinuitleg, parking, toegangsbeheer, vooraf kaartjieverkope, pakket-aanbiedings en personeel.

#### 2. Terrein

Die Afridome voeg 'n nuwe onthaalsaal by die reeds indrukwekkende infrastruktuur. Mertech Cable & Wire rig permanente veehanteringsgeriewe op en Senter 360 rig 'n spilpunt op waaronder gewasse en weidings

gevestig gaan word. Die embriostasie van Invitro Africa, wat aan die perseel grens, sal in 2017 deel van die program vorm. Die verblyfopsies sal verder uitgebrei word met beter toegeruste stalle met elektrisiteit, kampeerplek op die terrein en meer verblyf in huisies op die terrein.

#### 3. Mini-ekspo's

Die filosofie agter die mini-ekspo's is om 'n fokus te skep rondom spesifieke aktiwiteite en om bepaalde bedrywe die geleentheid te gee om volledig op hul mark te fokus. Dit gee dan die persoon wat die mini-ekspo's bywoon die keuse om net op 'n bepaalde spesialiteitsgebied te fokus of om die verskeidenheid te geniet.

Die volgende mini-ekspo's is reeds bevestig vir 2017:

- 'n Suiweleekspo saam met die Melkprodusente-organisasie (MPO): Die ekspo fokus op melkproduksie op die Hoëveld. Dit sluit uitstallings, 'n suiwel-interraskompetisie, kaas- en jogurtmaakkursusse en praatjies in. 'n Moontlikheid bestaan dat die Dairy Africa-konferensie ook by ALFA ingeskakel kan word.
- 'n Wild-ekspo saam met Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA): Die ekspo fokus op klein bokkies en koue-aangepaste wild vir die Hoëveld. Dit sluit in 'n uitstalling van klein bokkies, stalletjies, werkwinkels en praatjies, 'n katalogusveiling en 'n wildsvleisdinee.
- 'n Plaasveiligheids-ekspo saam met Agri Securitas: Die ekspo fokus op plaasveiligheid en uitstallings van tegnologie en dienste wat plaasveiligheid ondersteun.
- 'n Vee-ekspo saam met Veeplaas en die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO): Die ekspo fokus op vleisproduksie in Suid-Afrika en insetverskaffers tot die rooivleisbedryf. Dit sluit in uitstallings, vleisrasse, demonstrasies en praatjies.
- 'n Kleinvee-ekspo saam met Veeplaas, BKB en SA Stamboek: Die ekspo fokus op vleisskape, vleisbokke, Angora's en wolskape, hulle produkte en insetverskaffers tot die bedryf. Dit sluit stalletjies, rasuitstallings, demonstrasies en praatjies in.
- 'n Farmlink plaasvoedsel-ekspo: Die vennoot vir die ekspo is nog nie bevestig nie. Die ekspo fokus op





voedsel wat op plase geproduseer word, anders as rooivleis. Dit dek onder meer pluimvee, akwakultuur, varkveis, ens.

- Die Veeplaas junior stoettelers-ekspo: Die venoot is nog nie bevestig nie. Al die landbouskole wat deel is van die Veeplaas Skole-kuddeprojek (elf skole regoor Suid-Afrika), vorm deel van die ekspo. Dit sluit in uitstallings van diere, 'n interraskompetisie, jeugskou, junior afslaerskompetisie, wolhanteringskompetisie, junior kuilvoerkompetisie, werksinkels en kursusse.

#### 4. Aktiwiteitsprogram

Behalwe bogenoemde ekspo's, vind die volgende uitstallings, projekte en kompetisies ook plaas:

- Nasionale interraskampioenskappe.
- Santam Landbou Nasionale Kuilvoerkompetisie.
- Toyota SA Nasionale Jong Afslaerskompetisie.
- Taltec slagos-beoordelingskompetisie.
- Veeplaas/Mamre intensiewe skaapproduksiewerksinkel.

Bogenoemde is almal nasionale kompetisies waarvan die wenners by die ALFA-dinee aangewys gaan word. Van die kompetisies gaan met uitstallings en werksinkels gepaard.

#### 5. Gesprekswerksinkels, kursusse en konferensieprogram

- Monsanto-vrouekonferensie.
- SA Stamboek-telerskonferensie.
- Kleinwild-werksinkel.
- Jongtelers-werksinkels vir die jeugprogram oor dieregesondheid, bestuur, stoetteling, voeding en die ekonomie van veeboerdery.

#### 6. Aandprogram

- Maandagaand 11 September: Uitstallersfunksie in Dome.
- Dinsdagaand 12 September: Wagyu & Wine-dinee (na nasionale Wagyu-veiling).
- Woensdagaand 13 September: Wildsvleisdinee (na wildveiling).
- Donderdagaand 14 September: ALFA-dinee in Dome.

#### 7. Veilingsprogram

Die verhandelingskonsep bly een van die steunpilare van die ALFA-ekspo. Daarom is veeverhandeling tydens ALFA 2017 so belangrik en gee ons uiting daaraan op twee maniere:

- Alleras-bulveiling: Die alleras-bulveiling van ALFA 2016 word nie herhaal nie en daar word gewerk aan 'n jongbul-allerasveiling, wat spesifiek gemik is op die kommersiële koper wat dit moeilik vind om op verskillende produksieveilings sy/haar aankope te doen. Daarom word die veiling as 'n stilveiling aangebied vir diere wat vir die duur van ALFA op uitstalling is. Daar is dus genoeg tyd vir voornemende kopers om 'n ingeligte besluit te neem en sonder die druk van 'n ringveiling goeie aankope te doen. Bulle word deur deelnemende genootskappe gekeur en spesifiek vir die kommersiële vleisproducent uitgesoek.
- Prestige rasveilings: Twee veilings per dag word beplan wat deur 'n genootskap of individuele telers aangebied word. Twee beesrasveilings, twee skaaprasveilings en 'n wildveiling word beplan. Finaliteit oor die verskillende rasse en veilings sal spoedig gekommunikeer word.

#### 8. Uitnodiging

Die vraag is nou: Wat gaan jy by ALFA 2017 doen?

Vir meer inligting, stalletjiebesprekings of deelname, kontak gerus vir

Freek Pieterse 079 560 7088, dr Neil van Zyl 082 317 9350

Albert Louber 082 562 2188, ALFA-kantoor

(Nerina van Zyl) 056 817 1442 of enige Veeplaas-bemarker:

Karin Changuin-Duffy 082 376 6396 • karin@veeplaas.co.za

Susan Steyn 082 657 1262 • susan@veeplaas.co.za

Monique van der Walt 071 893 3731 • monique@veeplaas.co.za

Esmarie Moodie 076 330 0745 • esmarie@veeplaas.co.za

Ekspo-vennote



MELKPRODUSENTE-ORGANISASIE  
MILK PRODUCERS' ORGANISATION

